Wat vandag Admin C is, was tot 1971 die tuiste van die voormalige Departement Huishoudkunde. Die loodglaswerk het behoue gebly nadat die departement na hul nuwe tuiste in die Verbruikerswetenskap-gebou in Victoriastraat geskuif het.

Einde van 'n era vir **Verbruikerswetenskap**

Blaai mens deur gereelde nuusbriewe en gedenkboekies wat die dinamika van die Departement Verbruikerswetenskap vasvang, staan die hart, deeglikheid en passie uit van almal wat vir 80 jaar betrokke was by die opleiding van leerkragte, akademici en navorsers vir verskeie industrieë in die velde van kleding, behuising of voedsel.

Groot geeste soos Ivy Knowles (neé Van der Merwe), Kathie Neething, Nonna Steer (neé Rabie), Truida Louw, Mattie Jooste, Mimsie Smit (neé Sieberhagen) en Bessie Retief het die grondslag gelê, en word herdenk in die vernoeming van lokale, beurse en toekennings aan top-studente.

Dié departement lê na aan die hart van meer as 4000 persone wat vir agt dekades eers as huishoudkunde-studente, en vir die afgelope sewe jaar met 'n BSc of B in Verbruikerswetenskap as Maties gegradueer het.

Suid-Afrikaanse verbruikers het prakties gebaat deur navorsingswerk oor voedsel-produkontwikkeling, sensoriese evaluering, behuisingsontwerp, -inrigting en -bestuur, klere vir fisiesgestremdes, verbruikersanalise, voedingvoorligting, klereverbruikers- en tekstielnavorsing, volwasse-onderrig en -opleiding, gemeenskapswerk, asook insette in klerevervaardigingsmaatskappye.

Die Nasionale Navorsingstigting het gevestigde navorsingsprogramme finansieel ondersteun, en talle beurse, pryse en borgskappe is uit die industrie ontvang.

Die afgelope paar jaar het Voedsel, Kleding en Tekstiele, en Behuisingkunde ontwikkel as drie volwaardige programme in eie reg, en het dit grondslag gekry in die departement se huidige naam: die Departement Verbruikerswetenskap: Voedsel, Kleding, Behuising.

Vanjaar is egter die einde van 'n era – en 'n begin van nuwe uitdagings. "Die gebou", soos dit bekend is, sluit in Desember finaal sy deure op Victoriastraat as deel van die Universiteitstrategie van groter sinergie en konsolidasie tussen gemeenskaplike studievelde om uitnemende onderrig en navorsing binne die Suid-Afrikaanse en internasionale konteks te bevorder.

Geen nuwe voorgraadse studente is ingeneem sedert die ontbondeling van Verbruikerswetenskap in 2001 voorgestel is nie. Vanjaar vang die laaste studente graad, en word nagraadse navorsingsprojekte en gemeenskapsinteraksieprojekte afgehandel.

Drie nuwe programme is deur die Universiteit binne gemeenskaplike dissiplines goedgekeur, waarvan twee gestalte gekry het.

'n Opwindende vernuwing wat hieruit ontkiem het, is 'n BSc-stroom in tekstiele en polimere binne die Departement Chemie en Polimeerwetenskap wat fokus op tekstielprodukontwikkeling en bestuursverwante keusevakke bevat. Broodnodige tekstielwetenskaplikes en -bestuurders word vir die Suid-Afrikaanse tekstielbedryf opgelei, wat dié kundigheid tans van oorsee moet "inkoop".

Op aanbeveling van die US Bestuursraad skakel studente met 'n belangstelling in voedselprodukontwikkeling saam met spesialis-personeel nou in by die Departement Voedselwetenskap van die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe.

So loop die geskiedenis weer volsirkel, met die terugkeer van voedselverwante wetenskappe na die einste fakulteit waaruit dit ontstaan het.

Huishoudkunde is die eerste keer in 1925 doseer as keusevak van die Landbou-graad. 'n BSc met Huishoudkunde as hoofvak het in 1926 gevolg om voorligtingsbeamptes in hierdie dissipline plaaslik te kon oplei.

Danksy veranderde fokusse en plaaslike behoeftes het die Departement heelwat evolusionêre prosesse deurgesien.

Dieetkunde as graadkursus is in 1953 bygevoeg. Nà dit na die Mediese Fakulteit verhuis het, het Verbruikerswetenskap tot 2000 nog enkele modules aangebied. 'n Meer sosiaal-wetenskaplike B-graad in Huishoudkunde is in 1967 ingestel. In 1997 is die Negentigs se agt verskillende programme verdiep tot drie spesialisasierigtings in Kleding en Tekstiele, Behuisingkunde en Voedsel en Voeding, asook 'n program waarin studente steeds al drie rigtings saam kon bestudeer.

Die Departement laat meer as net die loodglasletterwerk "Huishoudkunde" agter bokant die ingang van Admin C, waar dit tot 1971 gehuisves is.

Benewens opleiding was dit by heelwat gemeenskapsprojekte betrokke, soos die entrepreneurskaps- en vaardigheidsprojekte DARE en Vuka u Zenzele, die navorsingprogram oor behuising HEAT, werkswinkels wat spruit uit gemeenskapsbehoeftes, programme saam met Maties Gemeenskapsdiens en die jaarlikse Hoërskole Huishoudkunde Olimpiade.

Sy nalatenskap lê in sy oudstudente wat oor die jare as huishoudkunde onderwysers en dosente hul leerders besiel het, waardevolle ontwikkelingswerk binne verbruikersverwante industrieë verrig het en sleutelrolle in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gespeel het. Die US se Departement Verbruikerswetenskap is trots op kollegas en oudstudente se werk in die stigting en uitbouing van die dissipline aan ander tersiêre inrigtings.

Sasol help met groot skenking

Die Universiteit van Stellenbosch se Kern Magnetiese Resonansie laboratorium (KMR) het pas 'n Varian Innova 400 MHz Kern Magnetiese Spektrometer in gebruik geneem, danksy die welwillendheid van die oliereus Sasol Tegnologie. Dit is suksesvol herstel en geïnstalleer met ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting se toerustingherstelfonds en die Universiteit se ALT Komitee. 'n Nuwe masjien kos in die orde van R5 miljoen. Die masjien sal vir roetine spektroskopiewerk gebruik word, asook die opleiding van nagraadse studente. Die KMR tegniek, wat in die 1950s ontwikkel is, maak dit moontlik om die uitleg en verklaring van strukture van bruikbare stowwe binne minute te bepaal.

By die oorhandigingsfunksie van die 400 MHz Kern Magnetiese spektrometer was (van links) dr Antonie Vosloo (bestuurder van Chemiese Navorsing: Sasol), prof Chris Brink (rektor van die US), me Elsa Malherbe en Jean McKenzie (US KMR laboratorium) en prof Klaus Koch (US Analitiese Chemie).

30 years of membrane research



For his work to advance membrane science and technology use in water and wastewater management in South Africa, Prof Ron Sanderson has received the WISA-MTD Honorary Award for 2005 from the Water Institute of South Africa's Division of Membrane Technology. He is director of the Polymer Science Division of the Department of Chemistry and Polymer Science, and has worked in this field at the University since 1970.

The living conditions of many South Africans have been improved through the practical applications of his research, done in conjunction with colleagues and postgraduate students. This includes the desalination of brack- and seawater, effluent treatment of industrial and municipal wastewater, and deteriorated reverse osmosis membranes.

Some of his latest work includes the use of infrasound to reduce fouling in beer effluent and surface water containing natural organic matter. A method developed to monitor fouling has led to the development of a modified plugging index meter, and will be placed on the market later this year.

Prof Sanderson is an internationally acclaimed B-evaluated scientist, as rated by the National Research Foundation, with a specific interest in membranes, coatings, emulsions and multimedia materials for science education. He is author or co-author of 163 publications of which 62 are in the membrane field, and holds 34 South African and 9 international patents.

Fill her up please...with hydrogen fuel!

Prof Len Barbour of the Department of Chemistry and Polymer Science, who shares the passion of a select few scientists around the world – to develop hydrogen fuel cell technology as an alternative to petrol for powering automobiles - is the University's latest A-rated scientist.

Prof Barbour's rating brings the total to nine Matie scientists acknowledged by the National Research Foundation as leading international researchers.

His expertise lies in the fields of supra-molecular chemistry and crystal engineering, with particular emphasis on gas-solid interactions.

One of his biggest aids is the X-Ray diffractometer the University acquired recently. It provides very accurate 3D atomic coordinates to characterise molecular structures in crystals.

Prof Barbour, who studied at the University of Cape Town, joined the Stellenbosch campus as associate professor two years ago after nine fruitful years at the University of Missouri.

Kliek 'n padda

Lus om jou liefde vir die Cederberge, die Sandveld rondom Elandsbaai en die Tankwa-Karoo met fotografie te kombineer – en boonop Maties se navorsing te help?

Dié streek beskik oor heelwat interessante spesies, waarvan sommige bedreig is, soos die geelthysie wat sy stert vasbyt as 'n verdedigings-meganisme, en die wêreld se kleinste skilpadjie, die suidelike klipskilpad.Navorsers aan die Departement Plant- en Dierkunde stel tans 'n databasis van dié streek se paddas, slange, akkedisse en skilpaaie saam vir die publiek en navorsingsgemeenskap. Dit ondersteun ook navorsing oor spesies soos verkleurmannetjies, dwerg-adders en swart akkedisse.

Die verskillende foto-bydraes sal help om 'n prentjie saam te stel van die verspreidingsgebiede van die diertjies en om gebiede te identifiseer wat belangrik is vir bewaring.

■ Stuur foto's wat in die streek geneem is, tesame met inligting oor die datum en plek waar jy dit geneem het (indien moontlik GPS-koördinate), aan dadutoit@sun.ac.za, of pos dit aan: **Die Projekkoördineerder: SCARCE, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602**